Heilbron
# Herald
*If it is not in the Heilbron Herald, it is only a rumour.*
WEEK 15 Deel 110
VRYDAG - 18 APRIL 2019
www.heilbronherald.co.za
R5-00 (BTW ingesluit)

# Paraatheid tydens paastyd

## *Beskerm jou vee*

Wees voorbereid hierdie Paasnaweek vir veediefstal. Groot dele van die Vrystaat is reeds besig om hulself voor te berei en nodige veiligheidsmaatreëls in plek te stel om veediefstal te kan bekamp. Talle diere word hierdie tyd van die jaar gesteel. Dit het drasties toegeneem die afgelope twee jaar. Die feit dat dit Vrydagaand volmaan is vergemaklik veediefstal geweldig baie. Skape en ander vee word nie noodwendig net gesteel en verkoop nie, maar word wreed doodgemaak. Volgens berigte kan die veediefstal drasties verhoog word hierdie komende langnaweek. Veediewe slaan gewoonlik toe gedurende die aand. Hoofsaaklik word skape en beeste gesteel, maar kleinveeboere moenie te gou gemaklik raak nie. Varke en bokke word wel nie sommer gesteel nie omdat hulle te veel geraas maak. Vroeër in die jaar is veediefstal statistieke as volg bekend gemaak: daagliks word sowat 178 beeste gesteel, 249 skape en 115 bokke. Volgens hierdie statistieke word dit bepaal asof ten minste een ekonomiese plaaseenheid daagliks ten gronde gaan. In die Vrystaat en Oos-Kaap word daar onderskeidelik meer as 20 000 skape per jaar gesteel. Voorstelle is deur plaaslike boere gemaak hoe om veediefstal te probeer voorkom:

- Maak seker jou vee is met 'n tatoeëermerk of brandmerke gemerk sodat dit maklik is vir die polisie om die vee te kan identifiseer. Dit maak dit ook makliker om jou vee te kan uitken sodat jy hulle kan terugkry. Merk jou diere en ken hulle uit met oorplaatjies.
- Vervoerpermitte moet gebruik word sodat boere teen alle tye bewus is waarheen die diere vervoer word en wanneer hulle bestemming bereik is. Dit is ook maklik om terug te kyk na die data indien iets gebeur. Maak seker dat al die nodige dokumente in orde is sodat jy bewyse het dat die diere aan jou behoort.
- Sluit verkieslik jou kleinvee saans toe sodat hulle uit die oog van veediewe kan wees.
- Daar word aanbeveel dat sekuriteit op plase opgeskerp moet word. Installeer elektriese heinings en kamarastelsels. Selfs wagte is 'n goeie keuse. Maak seker dat die wagte het die nodige opleiding ontvang.
- Ry plaaspatrollies gedurende ongewone tye sodat veediewe nie 'n patroon kan opmerk nie.


Heilbron Herald het vroeër al berig oor die nuwe veediefstal-hulplyn wat beskikbaar is om te help met die voorkoming van veediefstal. Vergewis jouself gerus met die hulplyn en hoe dit gebruik kan word.

Die hulplyn-nommer is 086 199 9300, wat beskikbaar is vanaf 08:00 - 13:00, elke dag. Die gebruik van die hulplyn word ook na-ure gemonitor. Whatsapp inligting na 079 524 5040. Indien die hulplyn-nommer beset is, kan 'n WhatsApp-boodskap met kontakbesonderhede (naam, van, plaasnaam, telefoon nommer en foto van brandmerk-sertifikaat) gestuur word. Andersins kan 'n stemboodskap gelos word of e-pos gestuur word met kontakbesonderhede na vee@vslandbou.co.za.




tops! at SPAR 2
Additional shop now open
Maandag-Donderdag: 10:00 - 19:00
Vrydag & Saterdag: 08:00 - 19:00
Sondag: 10:00 - 17:00
058 853 0066
Langmarkstraat 55 | Heilbron

FRANKFORT VEILING
FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Elke Donderdag
te Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Piet Boshoff, Sel: 083 210 7135
BKB Louwid Noord:
"Waar sake ELKE keer die EERSTE keer REG gedoen word!"
AFSLAERS: Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: 058 813 1071 Faks: 058 813 2317
E-pos: frankfort@bkblouwid.co.za
Reg. No. 2005/026173/07
NAVRAE: Piet Boshoff 083 210 7135
www.bkb.co.za

TATA HEILBRON
VIR DIE BESTE DIENS IN DIE DORP, KOM NA TATA HEILBRON!
NOU OOP VIR BESIGHEID!

# Eienaar herstel self paaie

## Nou makliker toegang vir inwoners



Besigheidsman en inwoner van Heilbron, Jannie Bornman van Bonus Hardware het uit sy eie sak al ongeveer 60 sakkies sement aangekoop om die paaie om Bonus Hardware meer rybaar te maak. Met sy eie werkers, tyd en gereedskap is hulle besig om die gate toe te maak sodat voertuie weer met gemak die pad kan gebruik. Die haglike omstandighede van die paaie maak dit vir kliënte moeilik om tot by besighede te kan kom.

Die slaggate beskadig voertuie geweldig baie, daarom moet daar maar self plan gemaak word om die paaie weer rybaar te kan maak.

'n Grappie lui dat as jy in 'n slaggat beland, jou selfoon sommer sein verloor. Dit is omtrent die toestand waarin kleiner dorpies hulle begewe. Heilbronners sien uit om nou makliker toegang tot Bonus Hardware te verkry sodra al die gate klaar gevul is.

Dankie Jannie!






*Op die foto bo van die slaggate wat dit vir die inwoners moeilik maak om by die besighede uit te kom.*

*Op die foto regs is John en William besig om sement te meng om die gate mee toe te stop.*

# Dis paasfees, die graf is leeg - Jesus het opgestaan



*Omtrent twee meter hoog met 'n geskatte gewig van 200 kilogram, staan 'n kruis van sement in die tuin by NG-Kerk Suid. Die pragstuk kan van die pad af gesien word vanaf die ingang van die kerk in Heilstraat. Baie dankie aan mnr Willem Swart vir die maak en skenking van hierdie kruis.*

# Beskerm jouself teen malaria

*• Heilbron Kliniek*

**REISWENKE**

Beskerm jouself teen malaria as jy deur streke reis waar daar baie muskiete is. Malaria is een van die grootste gesondheidsgevare vir reisigers. Dit is 'n protosoë-besmetting wat deur bloedsuiende muskiete oorgedra word, wat gewoonlik snags byt. Die grootste gevaarstreke is die tropiese dele van Afrika, Asië, Mexiko, Suid- en Sentraal-Amerika, Haiti en Suid-Oos Asië.

In Suid-Afrika is die Noordelike Provinsie, Mpumalanga en Oostelike KwaZulu-Natal besmette streke.

Hoewel plaaslike oordrag van malaria elke jaar wissel het dit nie beduidend toegeneem nie, hoewel meer mense ander lande besoek en met malaria terugkeer. Malaria kan van 'n moeder na 'n ongebore baba oorgedra word.

Inkubasieperiode is 10-60 dae, maar kan langer wees. Die parasiete dring die lewer binne, waar hulle vermeerder, uitbreek, die bloedstroom weer binnegaan en die rooibloedselle binnedring. Dit veroorsaak koors, koue rillings, hoofpyn, spierpyn, moegheid en dalk ook braking en 'n gehoes. Die siekte kan dodelik wees.

**DAAR IS DRIE MALARIA STADIUMS**

• Die koue stadium is 'n skielike aanvang van koue rillings wat van 15 minute tot 'n uur kan duur. Die pasiënt bewe onbeheerbaar.

• Die warm stadium duur tussen twee en ses ure en pasiënt ly aan hoë koors, kwaai hoofpyn, braking, dors, gewrigspyne.

• Die sweet stadium duur tussen een en vier ure waartydens pasiënt erg sweet.

Mense wat risikogebiede besoek, het voorkomingsmedikasie nodig. Geen middel bied volkome beskerming nie en sommiges kan newe-effekte veroorsaak bv. hoofpyn, braking en diarree. Neem voorsorg deur antimalariamiddels te verkry en jou liggaam goed te bedek, onder muskietnette te slaap en insekweerders aan te wend. Onthou dat infeksies dikwels bedags opgedoen word.

Enige reisiger van 'n malaria-besmette streek wat koors ontwikkel moet as 'n mediese noodgeval beskou word.

**BESKERM JOUSELF SO TEEN MALARIA:**

• Bestee minder tyd snags buite en dra beskermende klere wat die arms en bene bedek.

• Wend 'n insekweerder aan alle ontblote vel, 'n mens moet die produk nie oordadig aan kinders of aan beseerde of geïrriteerde vel aanwend nie.

• Slaap in akkomodasie met sifskerms of onder muskietnette.

• Neem minstens 24 uur (ideaal gesproke 'n week of twee) voordat die gevaarsone binnegegaan word, anti-malariamedikasie, neem dit tydens die verblyf steeds gereeld en ook vier weke lank na die terugkeer.

• Hou vir enige nadelige newe-effekte van anti-malariamiddels dop (bv. 'n gejeuk, geswel, naarheid of 'n veluitslag) en meld dit aan.

Anti-malariamiddels verhoed nie dat die muskiet jou besmet nie, maar sorg gewoonlik dat infeksie nie ontwikkel nie.

# Briewe aan: Redakteur

*Die volgende skrywe is ontvang van John gerig aan die redakteur.*

I write to you as a concerned resident of Phiritona. My name is John (Bote) and I live in the far sides of Moherepa. There's an old woman living with her eldest son (possibly in his early 30's).

They live in a small one-roomed shack under harsh conditions which is not good or right for people to be living in. The roof let so much light through because of all the holes in the sink plates. If they were skwatta camping it would have been something but they are not! What hurts the most is that their front opposite neighbor is ANC's former Ward 5, Councilor, Sonti Mvundla. Yesterday, my fellow servants and myself decided to visit them just to check up on them, at 18:00 in the afternoon they were already in bed for the night. When we asked her if she is receiving grant, she replied and I quote, "Yes I do, but I'm not the one who collects it". "Who collects it", I asked. "My brother", she replied. So we then asked her to connect us with her brother, she said something that now got us thinking that there's something going on here. Something fishy. She told us that we could ask the brothers number from Sonti Mvundla. Mr Editor, I'm the Chairman of the African Transformation Movement (ATM) here in Heilbron. I personally find it unfair for the mother and a son to be living in such heartbreaking conditions whilst Sonti Iives in a huge, warm and comfortable house. I plead to you Sir, please run this story as that people come and donate. The African Transformation Movement (Heilbron) in association with Queens Orga-nisation, are doing their best to find donors. People could donate old clothes, food, blankets or anything one can donate.


---

*Die volgende skrywe is ontvang van Heléne Howell gerig aan die redakteur.*

Die lui van die kerkklok van Petrus Steyn in vroeër jare was 'n hele proses - amper 'n ritueel - wat deur die trek van 'n tou, wat aan die klok vasgemaak was, gedoen is. (Nou werk dit elektries). Die koster was uiters presies in dié opsig, en het op sy Zabo-sakhorlosie gestaan en kyk dat hy die klok presies vir vyf minute aanmekaar lui. Tydens 'n begrafnis was dit prosedure om die afgestorwene se aantal lewensjare in stadige geluie te laat opklink, sodat elkeen wat binne hoorafstand was kon tel hoe oud die oorledene was. Om hierdie taak suksesvol te verrig was dit nodig dat 'n besondere slag met die klok aangeleer word. Só 'n proses was dit, dat die arme koster dit maar moeilik gevind het om nie uit asem te raak tydens 'n nagmaalnaweek met al die dienste soos deur Oom Jan beskryf nie. Hulp vir die koster, by die geleentheid was dus onontbeerlik. By geleentheid het een van die jong manne ook opgetree as hulp. Ongelukkig het dié per ongeluk so hard getrek dat die klok omgeslaan het bo in die toring. Wat 'n konsternasie! Koster en helper moes op in die toring om die klok terug te kry in posisie, maar tevergeefs! Die volgende Sondag was die klok wel reg, maar het nie die gebruiklike volle vyf minute lank gelui nie! Hierna was die koster meer op sy hoede, want as die jongmans kom aanbied vir hulp, het die koster dan sy hand styf vasgehou, todat hy seker was dat die jongeling die regte "gevoel" vir die klok het. Dan het hy eenkant gestaan, die Zobo-horlosie dopgehou, en sodra dit tyd was om op te hou, gesê: "Gee nou vir my" en met alle mag die tou vasgevat om die klok tot stilstand te bring. Maar voordat dit egter tot stilstand gekom, is die tenger oom Kosie se voete so 'n entjie gelig!

Kollekte: Die koster, ou oom Dan Boshoff (oorlede Annetjie Oosthuizen se pa), het Sondae voor die erediens altyd by die hoofingang gestaan, met 'n bordjie vol kleingeld, om sodoende te kan help wanneer kleingeld benodig was. Veral vir die lidmate van plase, waar kleingeld nie altyd beskikbaar was nie.


(Geneem uit die kerkblaadjie, Lewende Lote van Petrus Steyn. Let wel, dis nie Lewende Rots soos verkeerdelik gesê is nie.)




# TOPS 2 open

Heilbron Tops is nou nie meer net een winkel nie, maar twee. Heilbron Tops, steeds onder bestuur van Jimmy en Candice de Villiers-Smith, het so uitgebrei dat 'n tweede winkel oopgemaak is. Tops kan steeds deur kliënte besoek word langs SPAR en nou ook by die Commercial Hotel (waar die ou Commercial Drankwinkel was) op die hoek van Kerk- en Langmarkstraat. Die addisionele winkel is reeds oop vir besigheid aan die publiek. Hierdie geleentheid is deur die eienaars aangegryp om die nuwe winkel te open nadat die behoefte vir 'n groter drankwinkel raakgesien is. Die perseel is sentraal geleë en die deurlopende verkeer is uitstekend. "Ons is verskriklik opgewonde oor die nuwe Tops", laat hoor Jimmy. Die nuwe Tops gaan 'n groter verskeidenheid van drank aanhou wat whisky, gin en 'n wynkelder insluit. Die besigheidsure is as volg: Maandae tot Donderdae vanaf 10:00 tot 19:00, Vrydae en Saterdae vanaf 08:00 tot 19:00 en op Sondae vanaf 10:00 tot 17:00. Gaan loer gerus in gedurende die Paasnaweek - daar gaan 'n verskeidenheid spesiale aanbiedinge vir Paasfees wees wat nie misgeloop kan word nie. Hou ook Heilbron Tops se Facebook- en Instagram-blad dop vir verdere spesiale aanbiedinge. Daar word steeds konstruksiewerke op die perseel gedoen - kliënte moet net geduldig wees, want daar is baie om na uit te sien as die werk afgehandel is. Hou die spasie dop, daar gaan nog groot dinge gebeur.

*Op die foto: Carol, Jimmy en Candice de Villiers-Smith voor die nuwe Tops.*



# Grond en Onse Grond



**EK MOET ERKEN: EK IS NIE DIE WÊRELD SE BESTE VOORBIDDER NIE.** Ek vergeet soms om mense voor die Here te bring en hulle behoeftes voor Sy voete neer te sit. Daarom het ek 'n lysie persone/instansies vir wie ek bid wanneer ek stort.

Een daarvan is die verkiesing. Het jy al daarvoor begin bid of dink jy dat nie eens gebed ons sal kan red nie? Wat jy ook al dink, is dalk nie nou ter sake nie.

Die verkiesing lê soos 'n berg en wag. Baie hou asem op vir 8 Mei 2019. Sommige mense is al blou om die kiewe soos wat hulle uitasem is. Baie mense dink nie eers daaraan nie. Dan is daar ook sommiges wat nie omgee nie. *Let bygones be bygones*.

Die gemene deler by al hierdie partye is grond.

Hoe jy ook al daaroor dink – grond speel 'n belangrike rol. Daar is selfs een party wie nie eintlik 'n baie goeie verkiesingsmanifes het nie, hulle het ook nie eers 'n plan en begroting vir verkiesingspropaganda nie. Hulle maak gebruik van 'n baie beter advertensieveldtog, en dit kos hulle so te sê niks.

Hulle maak uitsprake wat jou in jou tee laat stik en die OVK laat hulle begaan. Die media gee hulle dekking vir elke banale, ondeurdagte haatspraak-uitspraak wat hulle lewer. Hoekom sal hulle dan 'n advertensieveldtog nodig hê?

**ANDER PARTYE IS NIE SO BLATANT OOR DIE GRONDKWESSIE NIE.** Sommiges wil hê dat grondonteiening sonder vergoeding dadelik moet plaasvind, maar met 'n sekere proses. Dan is daar een of twee partye wat dit teenstaan. Natuurlik befonds laasgenoemde partye hulle eie veldtogte en hulle kry nie so baie lugtyd soos die liberale anargiste nie.

Verlede naweek gaan ons na my tuisdorp, gryp 'n graaf en 'n hark en gaan begraafplaas toe. Dis nou ses maande sedert die afsterwe van my pa-held, en ons wil gaan kyk of dit al tyd is om die grafsteen te bestel.

Toe ons daar inry, is daar twee rooi dakkies wat uitsteek, iewers in die dynserigheid vorentoe. Ek kan nie sien hoe groot die dakkies is nie, ek weet nie of dit langsaan 'n graf opgeslaan is nie, want ek kan letterlik net die dakkies sien.

My man vra waar presies my pa se graf is. Dis mos maklik, dink ek, dis agter my rooikopsussie se graf. As ons nou net my rooikopsussie se graf kan kry.

Die gras staan skouerhoogte. En dis nie 'n lieg nie. Ons vat die graaf en begin die bossies wegskraap. Soos Doctor Livingstone van ouds kap ons 'n pad oop min of meer in die rigting waarin ons dink die grafte moet wees. Ek staan verstom dat 'n begraafplaas sò kan lyk. Daar is letterlik 'n tweespoorplatgetrapte grasbegroeide paadjie waar die lykswa van Donderdag se begrafnis moes inry. Die arme bestuurder kon sekerlik nie sien of hy oor een of ander dooie se kop of sy voete ry nie.

Die rye grafte staan skeef.

(Ek herinner my aan 'n paar jaar gelede, net nadat rooikopsussie begrawe is. Ons hele familie is begraafplaas toe, want ons kom bossies by Liena se graf uithaal. My ma wys vir broer-se-seun hoe skeef die grafte is. "Krappies se vrou moet ook nog langs Krappies begrawe word, en hierdie ry is so skeef dat sy nie daar sal inpas nie. Wat gaan sy nou doen?" wou my ma weet. "Ouma," sê Jaco, haar kleinseun ewe nadenkend. "Ouma, ek dink sy moet eers kom vir 'n fitting".

My man blaas later met 'n rooi gesig weens die uitputting om my pa se graf oopgeskrop te kry. Ek trek solank die graspolle van Liena se graf af. En ek wonder…

Daar is geen tradisionele groepering in Suid-Afrika waarvan ek weet, wie nie hulle dooies begrawe nie. En hulle word in die grond begrawe. Grond. Grond. Lui dit iewers 'n klokkie?

**EK WONDER HOEKOM SAL JY NOG GROND WIL HÊ AS JY NIE EERS NA DIE GROND KAN KYK WAARIN DIE DOOIES, VAN WIE SOMMIGES STEEDS AANBID WORD, BEGRAWE IS NIE?**

Grond verbeter blykbaar mense se kwaliteit van lewe. Miskien. Maar definitief word daar geen waarde aan die *ancestors* wat hier begrawe is, geheg nie.

En waar daar reeds grond aan mense gegee of geleen is sodat hulle met hul eie projekte daar kan aangaan, is dit meeste van die tyd nie suksesvol nie.

'n Naby familielid het 'n plantprojek in die NW provinsie gehad. Hy het borge gekry vir saad en kunsmis en toerusting soos grawe, harke en dies meer. Hy het die projek aan die gang gesit en weekliks gaan kyk en raad gegee. Die groente het welig gegroei en begin blomme dra.

Toe gaan hy oorsee vir 'n tyd lank. Met 'n blaaskans terug in SA, gaan hy dadelik na sy projekplaas toe. Groot was sy verbasing toe daar nie eers 'n graaf oor was nie. Daar was niks. Totaal niks. Dit wat daar was, is weggedra. Die plante is vrek en daar was geen opbrengs nie.

Gegewe die herrie oor grond, verstaan ek nie hoekom die grond wat reeds aan groepe mense gegee word, nie ten volle benut word nie.

Gaan lees op https://www.politicsweb.co.za/politics/land-reform-process-only-ruins-and-tree-trunks-left wat met die plase by Zebediela gebeur het.

My vorige-vorige baas het vir almal wat wou hoor vertel dat hy 'n grondeis ingestel het omdat sy pa beeste opgepas het op die plek waar daar 'n groot metro ontwikkel is. (Hy is steeds 'n inwoner van daardie metro). Ek vra toe vir hom of hy die grond wil terughê?

Ewe selfvoldaan sê hy: *"I don't want the land. I want the money."*

En daarmee sê ek soos my nie-Engelspratende vriendin: *"I pack my case."*

My vraag is nog steeds: As jy nie na die grond kan kyk waarop jou voorsate begrawe is nie, hoe gaan jy na die grond kyk wat gratis aan jou gegee gaan word om ons ekonomie te help bou?

As iemand dit vir my kan antwoord, sal ek baie bly wees.

# KERKNUUS

**NG MOEDERGEMEENTE**

Paasfees - **Sondag:** 09:30 Gesamentlike Erediens (Moeder)
Sin Kol: Vennootskappe: Lesotho
Blok 3

**NG SUID**

**Sondag:** 09:30 Erediens (Moeder)

**GEREFORMEERDE KERK**

**Sondae:** 09:30 Erediens
Diensbeurte: Wyk 3 & 4

**NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK**

H.v Stoffelnel- en Nicolstrate
**Sondae:** 10:30 Erediens / Kategese 10:00
Kontak Ds L.M Prinsloo 016 973 1011, 083 943 4561

**AGS PLEINSTRAAT 72**

**Sondae:** 10:00 Erediens
Biduur Woensdae 18:30, Vrydae 19:00 - Jeug
Kontakpersone: Past LB Deysel, Tel: 058 853 1016

**CHRISTUS GEMEENTE**

(H/v Right- & Gilbertstraat) - **Sondae:** 09:30 Erediens

**AP-KERK**

Tweedestraat, Vegkop-uitbr.
**Paasfees Sondag** 10:00 Erediens (Heilbron)

**METHODIST CHURCH**

**Sunday**: Worship service 09:30 each Sunday.
Almal welkom / All welcome.
Contact Pastor Chris Schutte 082 319 7820 or 071 410 6238.

**GEREFORMEERDE KERK PHIRITONA**

**Sondag** 10:00 Erediens - **Kontak MP Malindi 078 054 2862**

**EBENHAESER BAPTISTE GEMEENTE**

Hou eredienste op Heilbron elke 2de en 4de Sondag van die maand in die Methodiste Kerk op Heilbron om 12:00.

**EVANG. GEREF. KERK FRANKFORT (MARKSTR. 20)**

**Sondagoggend:** 10:00 Erediens
18:00 Aanddiens / Bidure: Woensdae 18:00
Navrae: Ds Pieter van Wyk Tel: 083 594 3078 of 058 813 2424

**AGS PETRUS STEYN**

Pastoor Nico Theron Sel: 082 880 6477
**Sondae:** 10:30 Erediens / **Woensdae:** 18:00 Biduur

**PENTECOSTAL CENTRE**

(Assemblies of God, Sandersville)
Sondag: 10:00 Heiligmakingsdiens - 17:00 Evangeliediens /
**Maandag:** 18:30 Jeug / **Dinsdag:** 18:00 Gemeentebiduur - Matt 26:38, Jak 5:16, Eff 6:18 / **Woensdag**: Huissel, **Donderdag:** 18:00 Sustersbidaand
**Vrydag:** 18:00 Jeugaand, **Saterdag:** 15:00 Worship Team oefen.
Enige gebedsversoeke skakel 058 852 2190
Navrae: Pastoor B. Bentosha 058 852 2190

**AGS KERK SANDERSVILLE**

**Sondae:** Oggenddiens 10:00. Maandag Huissel 06:00,
Biduur Woensdag 06:00. Kontak P. van Staden

**CANAAN APOSTOLIC FAITH MISSION SANDERSVILLE**

**Dinsdae:** 17:00 Jeugdienste & Oefeninge / **Woensdae:** 17:00 Gemeentediens & Biduur / **Sondae:** Heiligmaking om 10:30.
Vir meer inligting kontak Pastoor Joey Pienaar 082 673 2321 of Evangelis Frans Lottering 078 402 2000.

**AFRIKAANSE BAPTISTE KERK FRANKFORT**

Sondagskool 09:00 / Oggenddiens: 10:00 / Aanddiens: 18:00
**Woensdae:** 18:00 Bybelstudie
Navrae: Ds Adriaan Bester 060 953 1880

**DIE MESSIAANSE GELOOF/MESSIANIC BELIEF**

Sien ons webblaaie: www.isr.messianic.org en www.GNmagazine.org/booklets / Sabbatbyeenkomste vir huisgemeentes en selgroepe.
Navrae: Bel/SMS 079 833 3283
(He who believes shall obey, for by his obedience he proves that he believes).

## Heilbron Herald GEMEENSKAPSNUUS

**Op en Wakker Dienssentrum**
vir Bejaardes Reitz

**Program vir week**

**Maandag**
09:00 Kooroefening
**Dinsdag**
09:00 Bloeddrukke
**Woensdag**
09:00 Dorp toe
10:00 Voetsorg
**Donderdag**
10:00 Sosiale program
**Vrydag**
09:00 Bybelstudie
**Kontakpersoon**
**Petro Pretorius**
**082 325 1322**

**Heilbron Dienssentrum**

*Breëstraat 57, Heilbron • Tel: 072 220 7272*
Bestuurder: S. Meades

**PROGRAM**

**MAANDAE:**
08:45 - Gimtrim
**DINSDAE:**
09:30 - Bloeddrukke word geneem.
10:00 - Ledeprogram (Elke week iets anders)
**WOENSDAE:**
10:00 - Speletjies, Jukskei ensovoorts. Elke week iets anders.
**DONDERDAE:**
17:00 Kooroefening
***Geen byeenkomste tydens skoolvakansies***



**RIEMLAND MUSEUM TYE**
**VRYDAE 09:00 - 13:00**

Vir enige navrae kontak
Quarta Pretorius 082 821 2410 of
Magdaleen van Rensburg
076 646 8576

**Biblioteek Tye**
**Piercestraat 66 • Heilbron**

Heilbron Biblioteek is **VYF DAE** per week vir die publiek oop en die tye is as volg:

**MAANDAE TOT VRYDAE**
09:00 - 16:30

BIBLIOTEEK IS GESLUIT OP SATERDAE, SONDAE & OPENBARE VAKANSIE DAE.

God is vir ons 'n toevlug en sterkte; as hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef. Daarom sal ons nie vrees nie, al waggel die aarde en al wankel die berge weg in die hart van die see.
Psalm 46:1-2




Heilbron Herald

# NAMPO SPECIALS

*Valid Untill 30 April 2019*

058 852 3033 | heraldgraphics2@heilbron.co.za



**SPECIAL 1**
1 x Standard Steel Gazebo ( 2m x 2m )
1 x Foldable Table
1 x Medium Table Cloth ( 1.4 x 2.4m )
2 x 3m Sharkfin Banners (S/s)
2 x Director Chairs
1 x Pop up Banner (1.5m x 0.7m)

*For Only* **R 8,925** *Excl VAT*

**SPECIAL 2**
1x Standard Steel Gazebo ( 3m x 3m )
2 x 3m Telescopic Banners (S/s)
2 x Pop-up Banners ( 1.5 x 0.7m )
1 x Foldable Table
1 x Medium Table Cloth ( 1.4 x 2.4m )
2 x Director Chairs

*For Only* **R 10,342** *Excl VAT*





**SPECIAL 3**
1x Aluminium Gazebo ( 3m x 3m )
2 x 3m Sharkfin Banners (S/s)
2 x Pop-up Banners ( 1.5 x 0.7m )
1 x Foldable Table
1 x Medium Table Cloth ( 1.4 x 2.4m )
2 x Director Chairs

*For Only* **R 11,925** *Excl VAT*

**SPECIAL 4**
1x Aluminium Banner Wall
( 2.25m x 2.25m )

*For Only* **R 3,442** *Excl VAT*





**SPECIAL 5**
1 x 3m Single-sided Telescopic Banner
OR
1 x 3m Single-sided Sharkfin Banners

*Must be bought in pairs
*Crossbase not included

*For Only* **R 735** *Each* *Excl VAT*

**SPECIAL 6**
1 x Standard Pull-up Banner
( 2m x 0.85m )

*For Only* **R 742** *Each* *Excl VAT*



PLEASE NOTE:
Specials exclude VAT & delivery. There is an additional R295.00 setup fee for artwork.
Our lead time is 10 - 14 days after we have received payment and final signed off approval.
Any changes to current artwork my result in design charges at R370p/h.
Heilbron Herald will not be held liable for any Layout, Colour, Spelling or Grammar errors if approval of artwork was received.
The Sharkfin and Telescopic banners must be bought in pairs of 2.






My SPAR

SOOS OP TV




SPAR Verlengde Raklewe Volroom of Lae-Vet Vars Melk (uitgesonderd Hoë Vet) 2 liter

**21^99** elk

SOOS OP TV




SPAR IQF Gemengde Hoender Porsies 2 kg

Kry 'n ekstra **R2 af** x 20

WINKEL PRYS R51^99

Rewards lede betaal **R49^99**

SOOS OP TV




Kellogg's Graanvlokkies 1 kg

**48^99**




Nescafé Gold of Espresso Koffie Fles 200 g (Kafeïenvry uitgesl.)

**82^99** elk

SOOS OP TV





Sunlight 2 in 1 Gewoon, Tropical of Laventel Handwas-Poeier 2 kg

**39^99** elk


Kry ons op /myspar


Beskikbaar by uitgesoekte **SPAR, SUPERSPAR** en **KWIKSPAR** winkels (SPAR Express winkels uitgesluit) tot en met 22 April 2019 terwyl voorraad hou. Ons behou die reg voor om hoeveelhede te beperk. TV-produkte landwyd beskikbaar. Nie beskikbaar in die Upington of Keimoes area, KwaZulu-Natal, die Laeveld of die Wes- en Oos-Kaap nie. Pryse sluit BTW in.


# Top 5 presteerders van Hoërskool Wilgerivier


*Johnny Muller (94,14%) Graad 12*



*Diana Mouton (90,14%) Graad 12*


*Cornel Smit (84,29%) Graad 12*


*Ruant Victor (81,29%) Graad 12*


*Armand Keller (80,71%) Graad 12*


*Anita-Marie J v Rensburg (83,86%) Graad 11*


*Wilhelm Burger (83,14%) Graad 11*


*Lené Muller (81,86%) Graad 11*



*Janie v Rooyen (77,43%) Graad 11*



*Hano Jordaan (76,71%) Graad 11*



*Isa-Mari van den Berg (89,57%) Graad 10*



*Marike Muller (89,00%) Graad 10*



*HW Müller (86,14%) Graad 10*



*Wilandri Naude (85,00%) Graad 10*


*Goran Budiscak (83,13%) Graad 10*


*André Richter (92,11%) Graad 9*


*Lené Richter (91,11%) Graad 9*


*Christine Malan (89,78%) Graad 9*



*Lesedi Mokoena (87,89%) Graad 9*



*Jonél Janse van Rensburg (86,11%) Graad 9*



*Jhonder Struwig (86,11%) Graad 8*


*Zernich van Zyl (85,67%) Graad 8*


*Berdine Müller (84,00%)*


*Amanda Jackson (83,00%) Graad 8*


*Tom van der Watt (79,33%) Graad 8*


*Jean-Pierre Prinsloo (79,33%) Graad 8*






## Paashaas by Kleuterkasteel


*Die opgewondenheid by Kleuterkasteel was groot toe die kleuters die Paashaas gewaar het. Met skreeuende stemme en handjies wat waai het hulle vir Paashaas verwelkom. Paashaas het vir elke kleuter paaseiers gebring en elk met 'n drukkie gegroet. Sommige kleuters was bietjie skrikkerig vir hom, maar toe dit by fototyd kom het almal om Paashaas gedrom. Paashaas het al die pad van Buffalo Valley Spur in Heilbron gekom om die kleuters se dag op te kikker.*

## Netbalproewe

*Netbalspeelsters van Hoërskool Heilbron is in hulle onderskeie ouderdomsgroepe gekies om aan die Vrystaat netbalproewe op 26 April 2019 in Bloemfontein deel te neem. Op die foto is Jadine van Zyl, Amané Watson en Kristen Muller.*



